

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 115

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Glo u?

Ek het eendag 'n gesprek met iemand gehad:

Ek: Glo jy in God?

Hy: Nee, want niemand kon nog ooit vir my bewys dat daar 'n God is nie!

Ek: Geen wonder nie, want om te glo is nie om bewyse te hê nie.

Hy: Wat is geloof dan?

Ek: Geloof is om aan te neem dat iets so is; al kan jy dit nie bewys nie. Ons glo iets wanneer ons dit nie self gesien of waargeneem het nie, maar daar tog verseker van is, omdat ander betroubare persone ons daarvan vertel.

Ons kan nie die bestaan van God bewys nie. Ek kan nie met die vinger vir jou wys en sê: "Daar is God" nie en tog glo ek dat Hy daar is. Die Bybel vertel my van Hom. Daar is ook getuienis van baie mense oor wat God in hulle lewe gedoen het.

Hy: Jy praat van wat die Bybel sê, maar hoe kan ek die Bybel glo? Vir my is dit 'n boek soos ander boeke. Dit is interessant om te lees, maar die waarheid daarvan kan ek nie sonder meer aanneem nie. Het die skrywer se fantasie nie ook maar, soos in 'n roman, die oorhand gehad nie?

Ek: Die Bybel is 'n buitengewone boek. Dit is deur verskeie mense geskryf en tog weerspreek dit homself nooit nie. Kyk maar na die wonderlike vervulling van voorspellings. Histories kom dit ook ooreen met ander geskrifte. Verder sê die Bybel dat dit God self is wat deur hierdie verskillende mense, die Bybel geskryf het. Daarom is dit 'n buitengewone boek... is dit die Woord van God self. As dit bloot 'n menslike boek was, moes daar een of ander tyd 'n teenstrydigheid of onjuistheid daarin gewees het.

Hy: Goed. Ek neem aan ek moet glo God is daar en ek moet glo die Bybel is die waarheid en God se Woord, maar dit is nie so maklik nie. Gaan ek nie altyd maar weer twyfel en wonder of ek nie verniet glo nie. Hoe kan ek my twyfel te bowe kom?

Ek: Ek is bly dat jy bereid is om te glo, maar om waarlik te glo en alle twyfel uit te skakel, sal "werk" van jou vra.

Jy moet eerstens die Bybel gaan lees! Doen wat daarin gevra word. Toets aan die lewe dit wat gesê word. Baie dae gaan jou twyfel groter word, maar hou aan en aan.

Jy moet bid!

Al is dit aan die begin net 'n paar woorde. Bid dat jou hart geopen word om te glo. Bid dat God waarlik uit sy Woord tot jou sal spreek. Bid dat jou sonde wat al hoe duideliker vir jou sal word, vergewe mag word.

Gaan Kerk toe! Gesels met die dominee! Gesels met daardie man wat so voorbeeldig lewe!
Ek **glo** dat jy so tot die ware geloof sal kom.

Hy: Maar sal ek ooit seker kan wees dat dit wat ek van God glo en wat ek van Jesus glo, my deel sal wees?

Ek: Kan ek seker wees? Ons noem dit geloofsekerheid. Ja ons kan seker wees! Hierdie sekerheid kom egter nie altyd in een dag nie. Dit groei met die jare. As jy getrou doen wat ek gesê het, sal die geloof dat God Hom nie maar net met ander mense besig hou nie, maar ook met jou, diep in jou wortel... dat jy ook aan Hom behoort.

Hierdie geloof sal so 'n sekerheid in jou word, dat niks jou meer daarvan kan aftrek nie. Ek wil vir jou een voorbeeld van geloofsekerheid noem. Jy het al van Totius gehoor. 'n Dag voor sy dood skryf hy in 'n Psalmboek: "Daar sal geen doodsrees wees nie. My verlosser sal my tegemoet kom en lei na die heerlike geweste van die Drie-enige God, van Sy engele en gesaligdes..."

Dit is geloofsekerheid... selfs in die aangesig van die dood.

Hy: Dankie. Ek gaan sommer nou begin "werk."

U wat hierdie tweegesprek gelees het, wat sê u?

U glo nie... u twyfel?

Wil u nie ook nou begin "werk" nie?

L D. Aucamp.

Is God werklik regverdig?

Dis swaar om te twyfel en onsekerheid put 'n mens uit. Vrae wat in die lug bly hang, laat 'n mens verlang na vastigheid onder jou voete. Waarskynlik is daar by jou ook sulke vrae. Vra is vry, sê die spreekwoord. Dit is goed dat jy vra, want dit bewys dat jy dink en dat jy wil weet. Miskien wil jy wel in God glo, maar jy het "besware" teen God.

"God maak nie reg nie"

Een van die struikelblokke op pad na die Here kan die vraag wees: is God werklik regverdig? God se werk lyk dikwels vir ons krom, nie waar nie? God se plan met die wêreld en met ons lyk so dikwels na 'n warnet van drade waarin ons geen begin of end of patroon kan sien nie. Daar hang so baie vraagtekens in 'n mens se lewe: waarom en hoe kan dit?

"Waarom het sommige mense alles en ander niks nie? Waarom skei die dood egpare wat mekaar liefhet, terwyl ander wat mekaar tog nie wil hê nie, saam oud word? Waarom sterf gesonde kindertjies, terwyl gebreklikes en vertraagdes bly lewe?"

As God dan 'n God van liefde is, waarom gaan dit so in die wêreld? God is nie regverdig nie. Ek is 'n mens met foute en Hy wil hê dat ek heilig moet wees. So hoor ek jou "besware". Jy dink God is 'n koue, gevoellose, onredelike en onregverdige God. Jy sou lus hê om vir God te sê: "hier maak U 'n fout!"

Wie is God?

Weet jy wie is die God wat jy so van onregverdigheid beskuldig? Weet jy wat jy doen en weet jy wie is jy wat dit doen? Jy wil regter speel, terwyl jy self nie altyd weet wat reg is nie. Jy wil God toets aan jou gevoel vir reg, terwyl jy self dikwels moet erken dat jy verkeerd was. Jy, wat 'n sondige, nietige mens is, wie se lewe maar 'n handbreedte is, wil God wat heilig, ewig en almagtig is, voor jou regbank daag!

Die mens wil soms graag 'n god van sy eie keuse hê, maar weet jy wat se god maak jy dan in jou gedagtes? Een wat soet woordjies lispel en strelende hande het... een wat allerhande dinge deur die vingers sien en wat altyd maar glimlag... al doen jy wat... een wat na jou pype dans! Kan 'n mens in so 'n God glo? Kan 'n mens op Hom staatmaak?

Liefde vra na reg

Jou vraag of God werklik regverdig is, spruit uit die vrees dat Hy dan nie ook die God van die liefde kan wees nie en jy wil graag in 'n liefdevolle God glo. Liefde en reg bots dikwels in ons opvattings, maar dan besef ons nie wat reg is nie en ook nie wat liefde is nie.

Liefde is nie toegeeflik nie. Liefde is jaloers en besitlik in die goeie sin. Liefde vra wederliefde. Liefde wat reg verontagsaam, is nie liefde nie, maar onverskilligheid en ons wil tog seker nie 'n onverskillige God hê nie! Liefde en reg en liefde en tug hoort bymekaar.

Dat God se liefde en reg mekaar nie uitsluit nie, sal jy eers verstaan as jy gelowig kniel by die kruis op Golgota. In regverdigheid het God sy Seun — wat geen sonde gedoen het nie — laat kruisig in die plek van alle sondaars wat in Hom glo. By die kruis is niks net toegelaat nie, maar daar het God se arms oopgegaan vir elkeen wat glo.

Jesus Christus bewys van God se regverdigheid

Jesus Christus aan die kruis is 'n bewys van God se regverdigheid — die sonde moet gestraf word, maar ook van God se liefde vir 'n wêreld in nood... vir sondaars soos ek en jy. Dan moet ons in Hom glo en dan moet ons ook sy Woord glo en aanvaar. Dan moet ons ons plekken. In Jesaja 10:15 lees ons: "Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n stok hulle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hom ophef wat nie hout is nie!"

Ons moet in aanbidding kniel voor die God van die hemel en die aarde, ons moet sy grootheid en almag en regverdigheid bely, want die Bybel is vol daarvan: "God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie; 'n mens dat hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?" (Num. 23:19).

Onthou jy nie meer Psalm 25:2: "Leer my, Heer, u **regte** weë" nie? As jy God om die geloof bid, sal Hy dit gee en dan sal daar nog wel vroe en probleme oorbly soos dinge wat ons nie begryp nie. Ons hoef nie alles te begryp om salig te word nie. God vra van ons geloof! Geloof dat wat Hy doen reg is en geloof dat wat Hy doen, bewys is van sy liefde.

Is dit te swaar?

Arnold Mulder.

DIE GEHEIM VAN JESUS

Sy Vreemdelingskap.

WIE was daardie man wat sy lewe onder ons geleef het tussen Bethlehem en Jerusalem?

Die skeepsbemanning wat deur stormgeweld ten dode toe bedreig was, het dié vraag ook gevra: "Wat vir 'n Mens is Hy dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?"

Die owerpriesters en die Skrifgeleerdes en die ouderlinge wat telkens deur Hom verstom is, het ook gevra: "Deur watter gesag doen Hy hierdie dinge en wie het Hom die gesag gegee om dit te doen?"

Met watter gesag jaag Hy, man alleen, die stad se sakelui en invloedrykes uit die tempel uit? Met watter gesag sê Hy dat elke mens se verhouding tot Hom, ja, dat die wêreld se verhouding tot Hom beslissend vir die toekoms is?

Orals waarheen Hy gaan, maak Hy hierdie vraag los. Die skare het Hom agternageloop om Hom hulle politieke leier te maak, maar waarom hou Hy Hom dan met 'n blinde bedelaar besig, of met 'n "sigeunerin" uit Samaria? Waarom soek Hy telkens die stilte op in plaas van om Hom in die rumoer te stort om die mag te bekom? Waarom hou Hy aan om in die woestyn oor liefde te preek as Hy in staat is om die wêreld se hongersnood en siektes tot 'n einde te bring?

'n Omgekeerde Amen.

'n Mens sien Hom met sy klompie volgelinge oor die velde gaan wanneer Hy oor die lelies praat of oor die voëls van die hemel wat hulself nie bekommer nie en hulle deur hul hemelse Vader laat versorg. Steeds weer moes die mense net eenvoudig saamstem, omdat hierdie Man dinge sê wat 'n mens onbewus self ervaar het, maar wat Hy brandhelder voor ons oë stel. Dit is asof Hy net soos ons leef en dink — maar net baie meer helder: Hy is reeds daar waar die mens deur die eeue heen gestreef het.

In sy woorde is daar altyd iets wat uit 'n ander wêreld kom. In so 'n mate, dat wát Hy sê, reeds aandui dat Hy self uit 'n ruimte aan die ander kant van die lelies op die veld en die voëls van die hemel kom. Daarom kan Hy telkens sê: "Voorwaar, Ek sê vir julle..." Ek sê vir julle... verby julle eie ideetjies... verby julle vanselfsprekende opvattinkies. So en so glo julle wel, so en so praat julle en swyg julle, maar *Ék* sê vir julle.

Die "voorwaar" is eintlik natuurlik die woord Amen wat Hy vooraan gebruik. Waarmee ons afsluit, daarmee begin Hy. Wat ons laaste stel, plaas Hy eerste en begin daarmee 'n nuwe sin. "Amen, Ek sê vir julle..." Reeds hiermee wys Hy: Hy keer die menslike orde om tot sy orde. Wat vir ons die minste belangrik was, maak Hy die hoofsaak.

Dit kan Hy doen, want Hy is ook God. Hy leef in volkome gemeenskap met sy Vader in die hemele. Voordat Hy sy mond open om tot ons mense op hierdie aarde te spreek, sê Hy "Amen" op sy gesprek met die Vader in die hemele. Die mense wat Hom aanhoor, kry iets van daardie hemelgesprek... 'n naklank... 'n absolute bevestiging: die Amen daarop. Terwyl Jesus Homself losmaak uit sy verborge gesprek met die Vader, begin Hy reeds om die mense toe te spreek: "Amen, Ek sê vir julle".

Dit laat 'n mens begryp dat wanneer Hy teen jou gevestigde opvatting in sê: "maar Ek sê vir julle..." dat Hy dit kan sê. Nie uit grootheidswaan nie, maar uit die bevoegdheid wat Hy het van 'n ander wêreld — 'n wêreld van gemeenskap met die Hemelse Vader.

Dit bied tog 'n wonderlike uitsig vir die wat in Hom glo: Hy kom uit 'n wêreld van gemeenskap en *harmonie* wat ons verloor het en waarna ons so naorstigtelik soek. Hierdie gemeenskap besit Hy en Hy kom daarvandaan. Hy leef in voortdurende gesprek met die Vader en laat ons juis die laaste woord "Amen" nog hoor.

Heel naby my

Al lyk hierdie wêreld van volkome gemeenskap vir ons na 'n verlore gemeenskap, bring Hy dit tog weer só naby: Hy maak die wat in Hom glo weer eg kinders van God. Hy sien elkeen van ons raak, met diepe bewoënhed sien Hy elkeen as 'n klein spikkeltjie in die onmeetlike ruimte van sy verloreheid. Daarom weet Hy ook van ons verskriklike eensaamheid, ons oppervlakkige plesier, ons oneindige droefheid en ons ontsettende magteloosheid — ook van ons hoogmoed. Hy kyk deur alles en kén daaragter ons onuitgesproke hunkering na God.

Daarom kom Hy uit die "gans andere" naby, heel naby. Hy kom om in die onmeetlike ruimte van die aardse verloreheid in te tree. Hy word self 'n spikkeltjie. Hy ervaar die verskriklike eensaamheid sonder die Vader en Hy word oneindig swaarmoedig in sy hunkering na die volkome gemeenskap. Hy hang aan die kruis om ons volle skuldias te dra. Beter gestel: Hy dra ons almal se skuldias in een. Dit openbaar iets van sy geheim.

Nou kan ons opnuut terugkyk op Hom, die Eniggebore Seun van die Vader:

- die verstotene onder ons mag weet: hier is Iemand wat my nie verlaat het nie;
- die bedroefde onder ons mag weet: hier is Iemand wat my nood begryp;
- die wanhopige onder ons mag weet: hier is Iemand wat vir my nuwe hoop is — by wie ek volkome troos kan vind;
- ons almal wat nog altyd soek, móét weet: Hy ken my, Hy soek my, Hy roep my en sy kerk is nog altyd oop, nog altyd wagtend — juis ter wille van my.

C. J. Smit.

My sonde is te groot om vergewe te word • • •

Is dit dalk u wat so voel? Ek kan u seker met 'n kloppie op die skouer wegstuur — u bemoedigend toeroep dat u tog weet dat Christus vir u sondes gesterf het.

Ek het so 'n idee dat dit u probleem nie heeltemal gaan oplos nie. U het dit dalk al 'n honderd keer vir uself gesê, of dit uit 'n ander se mond gehoor en op die koop toe nog 'n hekel ook gekry in sommige kerkmense wat alles altyd so goed en netjies weet. Hulle kan 'n ding so vroom formuleer dat jy daartussen nie 'n speld kan indruk nie. Intussen bly jy sit met die klip in jou binneste wat al groter word. Hul teologiese formules laat jou koud en wil nie op jou werk nie.

Die sonde wat knaag

Ek weet nie wat dit is wat jou so platdruk nie. Dit kan 'n troetelsonde wees wat net jy van weet — iets wat jy teen veg, maar wat telkens weer jou in beslag neem. Dit kan 'n eenmalige iets wees wat jy in 'n daad van onbesonnenheid gepleeg het en wat nou soos 'n donker spookgestalte op jou bly toesak.

So moes Dawid gevoel het na sy owerspel met Batseba. Iets daarvan kom uit in sy kermende boetelied (Ps. 51) as hy in vers 5 uitroep: “My sonde is altyddeur voor my.” Dit het hom gejaag en geen rus of duurte gegee nie. Hy, die man na Gods hart, owerspel en moord, bloed aan die hande van God se lieflingskind. As daar iemand was wat dit seker met reg kon sê, dan was dit hy: “My sonde is te groot om vergewe te word.”

Die regte adres

Het u dit opgemerk? Die adres van Dawid se klag? Ps. 51 begin met: “Wees my genadig, **o God...**” 'n Mens kan met 'n klag of probleem baie plekke heen. Laat ons dit egter maar voluit sê: daar is net Een wat met die donker probleem van die sonde raad weet. Nie u of ek of die beste mens op aarde kan die las wat u so neerdruk, van u skouers aflaaï of opneem nie. Daar is net een onfeilbare Meesterplan daarvoor, maar dan moet u ophou verspring.

Is u 'n verspringer?

Die meeste mense is verspringers, al is hulle self nie daarvan bewus nie. Kom ons stel dit aan u so. Tussen God en mens is daar 'n ontsaglike kloof wat deur ons sonde teweeggebring is. Die Bybel sê as ons in een opsig struikel, is ons skuldig aan 'n oortreding teen die hele wet. Al sou daardie sonde wat u so neerdruk dus nie bestaan het nie, sou die kloof tussen u en God nog onoorbrugbaar wees. Sommige mense probeer oor daardie kloof spring. Of jy slegs vyf meter ver kan spring of die wêreldrekord kan slaan, jy haal in der ewigheid nooit (argumentshalwe) tien duisend meter nie.

Die regte weg

U moet ophou verspring, want God het die brug voorsien: die kruis van Golgota. Die bloed wat dáár gevloei het, is genoegsaam om al u sondes van verlede, hede en toekoms te bedek. Dit moet wees, want God self het die Weg gebaan. Die krag van die bloed van Christus is die grond waarop ons tot God nader.

Heerlik is dit vir my om jou dit te kan toeroep. Eien dit vir jouself toe deur die geloof: die bloed van Christus reinig alle sondes... (1 Joh. 1:7).

Thys Lourens.

Begin by die regte kant!

Ek kan nie glo nie! Skaakmat! Niemand kan my met hierdie probleem help nie. Dit is tog ék wat moet glo. Niemand kan dit vir my doen of my máák glo nie. Ek kan nie glo nie. By my is die twyfel veel sterker. Dit lyk tog meer logies om te twyfel. Daar is soveel dinge wat onseker is...

Kan iemand my kwalik neem dat ek meer geneig is tot twyfel? Daar is so baie mense wat twyfel. As die kerkmense, die mense wat sê dat hulle glo, eerlik wil wees, twyfel hulle nie ook soms nie? Is daar nie in hulle harte selfs méér twyfel as geloof nie?

Twyfel en twyfel

Daar is die twyfel wat ten diepste 'n verskoning is: alle mense twyfel tog in 'n mindere of 'n meerdere mate. Hierdie twyfel is 'n vroom dekmantel vir my onwilligheid om God op sy woord te neem: my eie skaakmat.

Daar is ook die twyfel wat 'n aanvegting is. Dit is meer werklik, meer verskriklik as die twyfel wat net 'n verskoning is, maar hierdie twyfel word in geloof oorwin.

Soos by die vader van die maansieke kind (Mark. 9:14-29). Hy beken sy twyfel, sy ongeloof openlik, maar luister hoe doen hy dit: "Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" (vs. 24).

"Ek glo, Here!" Dit staan voorop! Hy sê nie: "Here, dit is eintlik so normaal om te twyfel, maar ek probeer darem glo" nie. Nee, "Ek glo, Here! Ek neem U op u woord!" Hy strompel as't ware na Jesus met sy vertrouwe wat haas uitmekaar wil val. Wat is geloof anders as die leë hand wat ons uitsteek na Hom?

Dan kom Hy ons ongeloof te hulp. Hy láát nie ons vertrouwe verlore gaan nie, al word dit hoe aangeval.

"Ek glo, Here!" — en dan kan al die twyfel van die wêreld dit nie ongedaan maak nie. Hyself staan daarvoor in. Moenie van jou twyfel 'n verskoning maak nie. Pak dit in geloof! Hy kóm ons ongeloof te hulp!

Frans van der Walt.

'N NARE DROOM -

'n heerlike werklikheid

Die droom

Op die vooraand van haar huwelik het 'n bruid 'n nare droom gehad. Sy droom dat sy al in die bed was — gereed vir die nagrus. Skielik het haar bruidegom by haar kamerdeur gestaan. Hy het geklop en met mooi liefdeswoorde na haar uitgeroep: "Maak vir my oop, my suster, my vriendin, my duif, my volmaakte." Tot sy teleurstelling moes hy egter haar verskonende antwoord hoor: "Ek het my kleed uitgetrek, hoe kan ek dit weer aantrek?" "Ek het my voete gewas, hoe kan ek dit weer vuil maak?"

Hierdie belediging beantwoord die bruidegom met 'n gebaar van liefde. Hy steek sy hand deur die deuropening en sprinkel op die deurgrendel 'n flessie mirre uit. Hierdie gebaar ontroer die bruid — sy spring op en maak die deur oop — maar haar beminde is weg!

"Ek het na hom gesoek, maar hom nie gevind nie; ek het na hom geroep, maar hy het my nie geantwoord nie." Toe het sy die strate ingegaan om hom te vind, maar al wat sy gevind het, was die wagne wat haar geslaan, gewond het en haar mantel van haar weggeneem het. Op hierdie nare hoogtepunt het sy wakker geskrik. Haar bruidegom het sy verloor en hom nie gevind nie.

Die droom ontleed

Drome is nie altyd sonder betekenis nie. Gedagtes wat in die dag in 'n mens opkom, kan in die nag in die vorm van 'n droom weer terugkeer. So het die gedagtes van die dag wat nie mooi gedagtes was nie, deur die bruid gemaak en haar in die vorm van 'n droom beangs. Hoe mooi druk sy dit uit: "Ek het geslaap maar my hart het gewaak."

In haar droom word die bruid gekenmerk deur die traagheid van haar liefde vir haar bruidegom. Let op haar verskonings: sy moet weer aantrek — haar voete sal vol stof word. Haar skuldgevoel weens haar traagheid word uitgebeeld toe sy hom soek en sy hom nie kan vind nie. Vir haar is hy net weg.

Daarteenoor beeld die droom die liefde, die trou, die standvastigheid van die bruidegom baie duidelik uit. As sy hom beledig, skel hy nie op haar nie. Hy gaan nie sommer weg nie. Inteendeel, hy beantwoord haar belediging met 'n wonderlike gebaar van liefde — hy sprinkel 'n flessie mirre — kosbare, welriekende olie met 'n besondere betekenis op die deurgrendel, sodat dit op haar hande kan kom — haar aan sy liefde kan herinner en verseker.

Die werklikheid

Hierdie droom vertel die bruid op die bruilofsfees aan die bruidsmeisies. Haar beminde het haar tog nie verlaat nie. Hy het met haar getrou. Sy vertel hierdie droom, sodat almal kan weet hoe wonderlik haar bruidegom is. Ja, in gloeiende woorde besing sy haar bruidegom.

Die werklikheid is so heerlik anders as die droom. Haar bruidegom is nie weg nie. Hy is by haar. Hoe mooi beskryf sy dit: "Hy het na sy tuin gegaan, na die balsembeddings om hom te vermaak in die tuine en om lelies te versamel." In ekstase kan die bruid dan teenoor die bruilofsgaste uitroep: "Ek is my beminde s'n en my beminde is myne!"

Die heerlijkheid.

Van hierdie droom en die daaropvolgende gebeure lees ons in Hooglied hfs. 5:2 tot 6:3. Die boek Hooglied vertel van die werklike liefde tussen man en vrou, maar dit is nie die enigste betekenis nie. Die Here Jesus het gesê dat die Skrifte van Hom getuig... dus ook Hooglied.

Die Skrif beeld dan ook die verhouding tussen Jesus Christus en sy gemeente uit as die verhouding tussen bruid en bruidegom. Waaroor dit dan veral gaan, is die liefde van die bruid, die gemeente, teenoor die Bruidegom en die liefde van Bruidegom, Jesus, teenoor die bruid.

Lees nou weer hierdie droom in u Bybel stadig en aandagtig deur, maar sien in die bruid uself en in die bruidegom Jesus Christus. Die lewe sonder Jesus Christus is 'n nare droomwêreld — 'n lewe sonder 'n Bruidegom — 'n werklikheid waarin daar slegs smart en ellende is sonder vertroosting. (Die bruid op die strate in die nag).

'n Lewe met Jesus Christus is 'n heerlike werklikheid. Dit is om 'n Bruidegom te besit wat jou altyd liefhet; al beledig jy Hom; wat jou nooit verlaat nie; wat ewig trou aan jou is. Hoe wonderlik om deur die lewe te kan gaan met die bruidsroep in die hart en op die lippe: "Ek is my beminde s'n en my beminde is myne."

Ds. B. v. d. Walt.

Wegkruip help nie...

Ken u die bang afwagting as 'n mens wegkruip? Dit is die vrees vir ontdek word. Dit mag maklik lyk om weg te kruip, maar om ontdek te word, kan baie onaangename gewaarwordinge tot gevolg hê.

Waarom kruip u weg?

Miskien is u besig om vir God te wil wegkruip. U kan dalk weens verskeie gebeurtenisse in u lewe besluit het om liever u van God en van die kerk af te sonder.

Dit kan wees dat 'n groot teenslag u getref het. U was teleurgesteld in God, omdat Hy dit oor u beskik het. Later het u kwaad geword... hoe meer u daaraan gedink het. U het besluit om God te los. As iemand nou met u oor God praat, dan wil u niks hoor nie — u kruip vir Hom weg.

Dalk is u uit die kerk omdat iemand daar u kwaad gemaak of verontreg het. U dink miskien soms wel aan die kerk en sou dalk weer wou inskakel in die kerklike lewe, maar dit sal van u baie selfverloëning vereis. U is maar te bly dat die kerk u nog nie opgespoor het nie. U kruip weg. Tog pla u gewete u soms. Dan troos u uself: ek kom niks van die wegkruipery oor nie. Dit lyk asof dit werk as u uself net eenkant hou.

Volstruismetode

Die volstruis maak so as hy voor 'n gevaar of probleem te staan kom. Hy steek sy kop in die naaste gat in die grond en meen om op dié wyse die gevaar te ontsnap. Hy kan niks sien nie en daarom dink hy dat niemand hom kan sien nie.

U meen dat God u nie kan sien nie, omdat u Hom nie kan sien nie. Adam en Eva het ook vir God weggekruip. Tog het hulle agtergekom dat 'n mens nie vir God kan wegkruip nie, want wegkruip verander niks aan die werklikheid nie. U kan nie u oë vir die werklikheid sluit nie.

Wat is die werklikheid?

Die werklikheid is dat God bly bestaan of u nou wegkruip of nie en Hy weet steeds van u. Dit is ook so dat u sonde bly voortbestaan of u daarvan wegvlug of nie — en daaroor sal u steeds verantwoording moet doen.

Die werk van Jesus Christus staan steeds vas. Die vergiffenis van sondes geld nog altyd vir die sondaar wat hom in geloof aan God se liefde in Christus oorgee. God neem nog altyd sondaars aan.

Wat moet u dan doen?

Dit baat u nie om vir God weg te kruip nie. U moet u kop optel en u sondes van die verlede vierkantig in die oë kyk. U moet vasgryp aan die werklikheid dat God u sal aanneem deur die werk van Jesus Christus. U moet glo in die werk van Jesus Christus wat vir u sondes betaal het en daarom die enigste Weg is deur Wie u tot God kan nader.

U moet u openlik voeg by die kerk wat deur Christus gebruik word om u op dié weg te lei. U hoef nie weg te kruip nie, want u kan met oop oë die werklikheid van die verlossing van sondes aanvaar.

Ds. A. G. S. Venter.